## 13 Maart Genesis 49:13 en Matteus 4:12-17

### *Versprei God se lig in die wêreld*

Vandag kyk ons wat Jakob op sy sterfbed oor sy seun Sebulon gesê het. Al wat Jakob oor hom sê, is waar hy woon ("by die strand van die see" - 1953-vertaling) en naby wie hy woon (langs Sidon, die land net noord van Israel). Dit lyk so niksseggend. Tog word 'n mens verras as jy in Matteus 4:13 lees dat Jesus sy eerste optrede begin "in Kapernaum by die see, in die gebied van Sebulon en Naftali". In Jesus se tyd was die blyplek van die stamme van Israel, na die terugkeer uit die ballingskap, nie meer so uitkenbaar nie. Tog word Sebulon en Naftali genoem. Hulle word ook in Jes. 8:23 saam genoem in die profesie wat verbind word met die voorspelling van die Messias in Jes. 9:5,6. Hulle het 'n besondere plek gehad, daarin dat Jesus daar begin werk het, op die grootpad na die noorde, en nie in Jerusalem nie. In Deut. 33:18, 19 word beskryf hoe Sebulon en Issaskar volke nooi om saam met hulle te offer. Hulle het God se lig na die nasies om hulle versprei. Volgens 1 Kron. 13:33 was die nageslag van Sebulon manne van die daad ("Slaggereed ... sonder om twee keer te dink het hulle in 'n geveg ingestorm"). Ons leef ook tussen mense wat in die donkerte van ongeloof is. Hier moet ons met ywer en daadkrag die lig van God se Evangelie van Jesus Christus versprei. Besluit waar jy dit vandag gaan doen - en doen dit dan.

Sing: Psalm 9:7

Dr. A.G.S. Venter (Randburg-Oos)